# Inleiding

**Wanneer ‘n mens in genealogie geinteresserd is, loop jy die gevaar om met ‘n klomp name en datums te werk sonder dat jy die persoon agter die naam of die datum raaksien. Vir die genealoog of die leser van geskiedenis is dit belangrik in om in die leefwêreld van die mense wat destyds gelewe het in te beweeg. Om die leefwêreld beter te verstaan is die antwoorde op die volgende vrae belangrik: Waar het hulle gewoon? Hoe het hulle aangetrek? Hoe en waarmee het hulle gereis? Hoe lank het dit geneem om hul bestemming te bereik? Wat het hulle geëet en wat het hulle gedrink? Waar het hulle kos gekry? Wat het hulle gelees? Hoe het hulle aanbid? Met watter soort probleme het hulle te kampe gekry? Waarmee was hulle elke dag besig? Hoe het hulle ontspan? Wat was hul gebruike met troues en begrafnisse?**

**Die antwoorde op die vrae noem ‘n mens kultuur. Die volgende bladsye beantwoord hierdie vrae met die doel dat jy jou voorsaat of voorouer beter kan leer ken en verstaan.Die pionierswêreld waarin baie van hulle in beweeg het, het baie anders gelyk as ons wêreld van vandag.**

**Van die eienskappe wat nodig was om te oorleef was durf, geloofsvertroue, deursettingsvermoë en vindingrykheid. Wanneer ‘n mens die volgende hoofstukke bestudeer ontdek jy van die eienskappe waaroor jou voorouers beskik het. Daar is talle probleme wat hulle moes oorkom het. Die volgende is ‘n paar sulke probleme:**

**Het jy geweet dat van elke drie persone wat op ‘n sekere stadium op ‘n VOC skip in Nederland geklim het, daar net een persoon is wat weer in Europa teruggekeer het? Skeurbuik en ander siektes het die reis van Nederland na die Kaap ‘n baie gevaarlike ervaring gemaak.**

**Gedurende die vervolging van Protestante in Frankryk is in die omgewing van 25 000 tot 30 000 Franse om die lewe gebring. Die aantal Franse Hugenote wat tussen 1680 en 1695 uit Frankryk gevlug het word op tussen 400 000 en 700 000 geskat.(*Chambon se berekening.)* Dit is ‘n geweldige hoeveelheid christene wat terwille van hulle geloof hulle vaderland vaarwel gesê het en elders na veiligheid gaan soek het. Van hulle het slegs 201 Hugenote tot en met 1692 in die Kaap kom woon. *(Prof Pieter Coertzen –‘ The Huguenots: Origins, settlements and influence’ ‘n lesing voor die Hugenote Vereniging.)***

**Die Hugenote in Suid-Afrika moes hulle moue oprol en met bloed en sweet aan ‘n nuwe toekoms in hulle nuwe vaderland begin werk. Hulle het feitlik net met die klere aan hulle lyf gevlug. Hulle is gevoed met finansiële ondersteuning vanuit Nederland, die VOC bydraes en kollektelyste deur die vryburgers aan die Kaap.**

**Die plase wat aan die Hugenote toegeken is in Franschhoek, Stellenbosch en die Paarl was onontwikkel. Wanneer 'n mens na die lys van gereedskap en saad van die Hugenote boere kyk, besef jy waar hulle begin het. 'n Voorbeeld van so 'n lys is die volgende:**

**Twee grawe, 'n skaaf, twee byle, twee handsae, twee beitels, drie ysterbore, twee spykerhamers, twee vyle, een troffel, drie snymesse, twee sekels. Die VOC het die geld daarvoor aan die Hugenote voorgeskiet en moes terugbetaal word.**

**Wanneer 'n mens vandag na die pragtige Kaaphollandse opstalle op die vroeëre Hugenote plase kyk is dit ondenkbaar om 'n beeld te vorm van die swaarkry waarmee die Hugenote op plase begin het.**

***(Pieter Coertzen – Die Hugenote van Suid-Afrika 1688 – 1988) 1988 p85)***

**In die publikasie wat volg is daar 'n groot hoeveelheid inligting wat jou sal help om die mense agter die name beter te verstaan, hulle impak duideliker raak te sien en hulle beter te kan waardeer vir wie hulle was.**

**'n Groot deel van die inhoud van die boek is oorgeneem uit die navorsing van gewaardeerde persone. Erkenning word deurgaans geboekstaaf uit erkentelikheid vir hulle insigte waarin ons deel.**

**Geniet die terugreis na 'n verre verlede met 'n stuk nostalgie vir lewende persone wat die pad van Suid-Afrika kom help oopmaak het.**

**Dr Ernst van der Walt**

**Skrywer en samesteller**

**Vermont**

**7 November 2013**